Resensies / Reviews

Banoobhai, Shabbir. 2004. **book of songs.** Johannesburg: Wits University Press.
(*Marlies Taljard*) 169

Wybenga, Gretel & Van der Vyver, Annelie. 2005. **Sneeuwitjie en ander prinsesstories.** Pretoria: LAPA Uitgewers.
(*Betsie van der Westhuizen*) 172

Van der Merwe, I.J. & Van der Merwe, J.H. 2006. **Linguistic Atlas of South Africa: language in space and time.** Stellenbosch: Sun Press.
(*Marlene Verhoef*) 175

Kalmer, Harry. 2006. **Groceries: 56 stories oor huishoude-like produkte.** Pretoria: LAPA Uitgewers.
(*Marlies Taljard*) 177

Pienaar, Vincent. 2006. **Kringfluit.** Hatfield: Litera Publikasies.
(*Helene de Kock*) 179

Van Zyl, Wium, samest. 2007. **Elke slot 'n weerbegin.** Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
(*Heilna du Plooy*) 182

Koch, Jerzy, *red*. 2006. **Werkwinkel. *Tydskrif vir Nederlandse en Suid-Afrikaanse studies*, 1(1)2006.** Posnań: Adam Mickiewicz Universiteit.
(*Marlies Taljard*) 184

Resensies / Reviews

Mistieke gesange laat Rumi herleef

Banoobhai, Shabbir. 2004. **book of songs.** Johannesburg: Wits University Press. 144 p. Prys: R150,00. ISBN: 1-86814-398-8.

Resensent: Marlies Taljard
Skool vir Tale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Sensitiwiteit, eenvoud en diepe wysheid is die mees uitstaande kenmerke van Shabbir Banoobhai se bundel *book of songs*. Hierdie bundel van 33 gedigte op glanspapier met sprekende swart-wit foto's van John Cleare, is die ideale geskenk vir 'n spesiale persoon, bedoel om met alle sintuie gelyk beleef te word. Die besondere wisselwerking tussen woord en beeld dra by tot die lê van 'n nuwe bewussynsdimensie wat aan sowel die woordkunswerk as die fotografiese kunswerk 'n bykomende betekenislaag verleen.

Banoobhai debuteer in 1980 met *echoes of my other self*. In 1999 verskyn *wisdom in a jug – reflections of love*, in 2001 publiseer hy 'n reeks filosofiese meditasies onder die titel *lightmail* en in 2002 verskyn *inward moon outward sun*. In teenstelling met sy vorige werk, waarin dikwels 'n sterk politieke ondertoon teenwoordig is, is *book of songs* suiwer liriese gedigte wat gebind word deur 'n volgehoue liefdestramien.

Aan die einde van die bundel, onder "acknowledgements, with love" bedank die digter "mevlana jelaluddin rumi whose poetry inspired these poems". Die dertiende-eeuse Islamitiese filosoof en mistikus, Rumi, se werk sentreer hoofsaaklik om die primêre doelwit van die Sofiste, naamlik die bewandeling van die liefdesweg en gevolglike

eenwording met God. Verdraagsaamheid, liefde, deernis en die bewussyn van God in die Skepping is die belangrikste temas in die werk van Rumi. Soos te verwagte, figureer dié temas ook sterk in die bundel *book of songs*. Die bekende Rumi-strofe "Lovers don't finally meet somewhere / They're in each other all along" kan met reg beskou word as die *cantus firmus* van Banoobhai se nuutste bundel.

Die 33 gedigte in die bundel se titels begin almal met "song of ..." en varieër in temas so uiteenlopend soos " song of ... remembrance, ... silence, ... grace, ... longing, ... concealment, ... loneliness, ... sorrow, ... love, ... loss, ... peace, ... gentleness, ... submission, ... togetherness, ... yearning, ... gratitude, ... creation, ... justice, ... Omdat die tekste in die eerste instansie lirieke is, lê dit voor die hand dat die liriese element oorheers. Hoewel geen eindrym in die gedigte teenwoordig is nie, dra verskeie ander faktore by tot die klankrykheid en die subtiele vloeiende gang van die gedigte. Die digter maak deurgaans gebruik van herhaling in verskillende vorme, soos in die reëls: "song that lies within me, your silence fills me with longing / the longing of a blank page for words that will make it a poem / or of a poem for colour that will make it a sky or sea or earth / or for music that will make it live, a song that can lie within me / silently filling my world with beauty and the scent of love" ("song of silence").

Benewens die liefde as bindende faktor, is die ophef van opposisies, klemlegging op die interverbondenheid van die Skepping en inter-afhanklikheid van alle dinge ook motiewe wat baie sterk teenwoordig is in al die gedigte. Hier dink ek byvoorbeeld aan die gedig "song of peace":

> the peace we seek
> does it descend into the heart
> from above or arise from within
>
> how does it enter or leave
> without coming and going unless
> it is both always there and never
>
> are winter and summer as different as we imagine
> when light itself bears seed of darkness
> and darkness of light (...)

Die feit dat die bundel nie van hoofletters of bladsynommers gebruik maak nie, is 'n uiterlike teken vir die afwesigheid van hiërargiese strukture wat deur die gedigte uitgebeeld word. Weglating van

bladsynommers lewer uiteraard ’n logistieke probleem op, wat ek as een van die min punte van kritiek op die bundel beskou.

Joan Metelerkamp wys in die flapteks op ’n belangrike eienskap van die bundel, naamlik die onderliggende narratiewe inslag: “To sustain a cycle of poems is to begin to dismantle the barriers between a novel or short story and poetry.” Dit is inderdaad so dat Banoobhai tot ’n baie groot mate daarin slaag om die spanning tussen die gedigte onderling vol te hou, deur byvoorbeeld van herhalende motiewe en metaforiek gebruik te maak. Soms kry ’n mens egter die idee van kunsmatigheid, asof die digter by tye deur sy tema gedryf word en beheer verloor oor struktuur en/of inhoud, veral wanneer sommige gedigte die natuurlike beweeglikheid van die bundel as geheel ontbeer as gevolg van ’n stokkerige ritme, soos byvoorbeeld in “song of grace”.

Vir die Suid-Afrikaanse gehoor wat relatief min ware mistieke poësie te lese kry, behoort hierdie bundel in ’n besondere nismark te voorsien. Die gedigte het ’n sterk spirituele inslag sonder om egter dogmaties te wees en bevat universele waarhede wat vir mense oor die totale spektrum van menswees tot inspirasie kan dien. “[S]ong of togetherness” sou in die kleine die mite van die reënboognasie en die idee van die ganse skepping in ’n waterdruppel kon verwoord:

night

and the crescent moon
nailed to the sky’s
southern cross

sings
the songs of david
while earth like buddah

sleeps

Toentertydse sprokies oor prinsesse vir die 21ste eeu verwerk

Wybenga, Gretel & Van der Vyver, Annelie. 2005. **Sneeuwitjie en ander prinsesstories.** Pretoria: LAPA Uitgewers. 92 p. Prys: 95,00. ISBN: 0-7993-3509-6.

Resensent: Betsie van der Westhuizen
Vakgroep Afrikaans & Nederlands,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Sneeuwitjie en ander prinsesstories is ’n twaalftal tradisionele sprokies vanuit verskillende wêrelddele, versamel en oorvertel deur Gretel Wybenga en geïllustreer deur Annelie van der Vyver. Hierdie oorvertellings is nie blote hervertellings vanuit die oorspronklike tekste nie, maar ’n tydsgesitueerde herinterpretasie van die verlede vir die hede van die verteller en illustreerder enersyds, gerig op die luisteraars of lesers andersyds, met talle aanpassings van die tradisionele sprokies, sodat dit relevant is vir en sin maak in die hede.

Hierdie versameling sprokies sluit aan by ’n tendens die afgelope dekades in die media en die kunste wêreldwyd, dat prinsesse as sodanig tans baie sterk in die belangstellingsveld is. Daar is films oor prinsesse, soos *The Princess diaries*, daar is meisietydskrifte spesifiek oor sprokieprinsesse en daar is selfs gewone gebruiksartikels soos Elastoplast-pleisters met prinseskarakters uit Disney-animasiefilms. Die prinsesfiguur is waarskynlik gewild omdat die meeste klein dogtertjies met prinsesse kan identifiseer; hulle wil graag (soos) prinsesse wees.

Die sprokies is opgedra aan spesifieke persone: deur Wybenga aan “die volgende prinsessies” wat spesifiek by die naam genoem word, waarvan die eerste dié van haar eie kleindogter is. Van der Vyver dra die boek op aan haar ouers, wat sy ook by die name noem. Die teks kry hierdeur ’n besondere persoonlike aanslag, sodat die adellikheid van prinses- en prinswees iets heelwat nader aan die gewone kind en samelewing kom.

Van hierdie sprokies is daar heelparty bekendes soos *Sneeuwitjie*, *Die paddaprins*, *Doringrosie* en *Aspoestertjie* (almal van Germaanse/Duitse oorsprong en opgeteken deur die Grimm-broers), en *Die prinses en die ertjie* (geskryf deur die Deen, Hans Christian Ander-

sen); waarskynlik is hulle bekend omdat hulle opgeneem is in vroeëre Afrikaanse sprokieversamelings. Daar is ook die minder bekendes: *Koning Bokbaard* (ook opgeteken deur die Grimm-broers), *Die twaalf dansende prinsesse* (eweneens Grimm), *Die prinses, die ganse en Fallada, die pratende merrie* (van die Grimm-broers), *Kaatjie Kraakneut* (ʼn Skotse sprokie); *Die pampoenprinses* (moontlik Oos-Europees, moontlik Midde-Oosters/Arabies); *Die prinses en die rysbakkie* (Japannees) en *Die slapende prins* (Spaanse sprokie) (Wybenga, 2006).

Die eerste indruk van die meeste jong en ouer vrouekarakters in hierdie verkwikkende oorvertellings van Gretel Wybenga is dat hulle sonder veglustigheid, sonder ʼn aggressiewe, oormatige assertiewe aanslag of rewolusionêre of radikale neigings is. Hulle is gewoon natuurlike, sterk vroue. In sommige van die vertellings is daar nie spesifiek sprake van die vroeëre sagsinnige, beeldskone en onderdanige jong prinsesse nie, maar van gewone, selfs onaantreklike meisies, soos in "Kaatjie Kraakneut". In die meeste van die sprokies het die prinsesse of die vrouehoofkarakters nie (soos tradisioneel uitgebeeld) dadelik voor die prinse geswig nie; daar het eers ʼn liefdesverhouding ontwikkel voordat hulle getroud is. Prinseswees is nie noodwendig oorerflik nie – dit gaan eerder oor karakter- en persoonlikheidseienskappe as oorerwing of uiterlike skoonheid, byvoorbeeld in "Die prinses en die ertjie". Prinsesse wat van negatief na positief verander, is dié in "Koning Bokbaard", waarin die hooghartige prinses leer om nederig en hardwerkend te word, en "Die Paddaprins", waarin die prinses leer dat sy haar beloftes moet nakom. Die prinsesse in hierdie versameling oorvertellings is nie passief nie, maar het deur hulle aktiewe optrede ʼn positiewe uitwerking op ander mense in hulle omgewing, ook op prinse. Prinsesse help prinse om gesond te word, of wakker te word nadat hulle vir honderd jaar lank geslaap het. Prinsesse word dus die heldinne wanneer hulle as die redder van prinse optree.

Die manskarakters/prinse – verteenwoordigend van 21ste-eeuse jong mans – word nie verkleineer of gekarikaturiseer nie. 21ste-eeuse prinse het steeds "ouwêreldse sjarme" of ʼn fyn aanvoeling vir goeie maniere en hulle is sorgsaam. Maar hulle het ook soms die taak om prinsesse van hulle hoogmoed ontslae te laat raak – moontlik deurdat hulle prinsesse op so ʼn wyse beïnvloed dat die beste in hulle na vore kom. Uit hierdie sprokies blyk dit ook herhaaldelik dat ware prinse nie beloftes breek nie, dat hulle (steeds) prinsesse uit benarde situasies red en hulle ruimte gee om die beste

prinsesse te wees wat hulle kan wees. (Die vrouekarakters word meer natuurlik vrou in die sin dat hulle hulle natuurlike krag ontdek.)

Die verhoudings tussen die vrouekarakters wissel heelwat. Margery Hourihan (1997:200-2001) beweer ten opsigte van vrouekarakters in verhale waarin die man die rol van die held vertolk, dat die verhoudings tussen vroue, veral dié tussen moeder en dogter uitgebeeld word as vyandig, selfs afbrekend/destruktief – ook in sprokies soos dié oor Sneeuwitjie. Vroue kan soms uit ydelheid en jaloesie teenoor hulle dogters selfvernietigend optree – die jaloerse ma/stiefma het immers uiteindelik in die warm skoene gedans todat sy dood neerslaan/tot haar dood – sy is deur ’n martelmetode dood.

Die illustrasies deur Annelie van der Vyver is besonder gedetailleerd en kleurryk. Interessante tegnieke van die illustreerder is dat die proporsies van die volwassenes as figure eerder lyk na die groter-kop-kleiner-lyf-proporsies van kinders – ’n tegniek waarmee in die illustrasies ’n beeldingswyse geskep word wat aansluit by die fokalisasie vanuit die kind as leser en as kyker se oogpunt. Die indruk kan daarmee geskep word dat die volwassenes op die vlak van die kind uitgebeeld word en dit is vir die kind as waarnemer van die illustrasies moontlik makliker om met dié karakters te identifiseer. Treffend is die rame wat om alle illustrasies voorkom: die byna deurgaans teenwoordige honde en katte, voëls, hoenders en ganse, ook op die voor- en agterblad. Die ontwerpkuns, waarin gestileerde komposisies opvallend is, word deurgaans treffend uitgewerk. Daar is ooreenkomste tussen talle illustrasies en Middeleeuse skilderye en beeldhouwerk, onder andere kapiteelbeeldhouwerk in katedrale. Die strakheid van figure skep die indruk van die strakke houding as algemene indruk van die houding van adellikes, maar ook stilisties – dit herinner aan Middeleeuse statiese, strak figure, wat dus binne die tydskonteks van sprokies as tekste van vervloë eeue val. In die illustrasies het die jonger vroue sterk gelaatstrekke; hulle lyk nie almal gestereotipeerd fyn nie, byvoorbeeld in die illustrasies by “Doringrosie”. Die geheelindruk van die illustrasies is dat dit besonder gedetailleerd en kleurvol is, en dat dit ’n visuele herinterpretasie gee van dogtertjies, jonger en ouer vroue, en spesifiek van prinsesse van die vroeg 21ste eeu.

Sneeuwitjie en ander prinsesstories is ’n besonder verbeeldingryke wyse om met die vryheid van die postmodernisme en derdegenerasie-feminisme te vertel en te verbeeld dat ou waardes in ’n nuwe teks herontdek en bevestig kan word, en dat nuwe waardes wat vir nuwe tye kan geld, boeiend en oortuigend aan sowel meisies as seuns literêr en visueel ontwikkel en oorgedra kan word.

Geraadpleegde bronne

HOURIGAN, MARGERY. 1997. Deconstructing the hero: literary theory and children's literature. London: Routledge.

WYBENGA, GRETEL. 2006. Oor die herkoms van die sprokies in *Sneeuwitjie en ander prinsesstories.* E-poskorrespondensie met B. v.d. Westhuizen, 22 Mei 2006.

Language diversity in South Africa

Van der Merwe, I.J. & Van der Merwe, J.H. 2006. **Linguistic atlas of South Africa: language in space and time.** Stellenbosch: Sun Press. 102 p. Price: R250,00. ISBN: 1-919980-33-4.

Reviewer: Marlene Verhoef
Institutional Language Directorate,
Potchefstroom Campus, North West University

> The flux of population distributions over space and time reflects and reinforces the relationships between cultural communities and simultaneously alters the status of each relative to the other (Kaplan, 1994:46).[1]

The regular publications of linguistic atlases in South Africa since the 1980s provide ample evidence of the longitudinal flux of population distribution and the intercultural relationship of South African language communities.

For this reason the recent publication by Van der Merwe and Van der Merwe adds particular value to the notion of home language as a distinct variable that contributes to a clear portrayal of social diversity in South Africa. The mere fact that the subtitle to the atlas points to an orientation in *space* and *time* gives indication of language diversity in South Africa as an ever-changing dynamic entity.

The introductory chapter is devoted to a brief theoretical explanation of what geolinguistics as an academic discipline entails. Apart from

1 Kaplan, David H. 1994. Populations and politics in a plural society: the changing geography of Canada's linguistic groups. *Annals of the Association of American Geographers*, 84(1):46-67.

providing background information on the South African language policy framework and the methodological foundations of the atlas, it is made clear that the "spatial outcome of language location" as well as "language change in a time-space context" is central to the understanding of all language maps in the atlas. In summary, the atlas wishes to "provide a visual representation of the diverse geolinguistic realities in South Africa, the Western Cape and the Cape Town metropolitan area" (p. 4).

The second chapter contains information on the national geolinguistic patterns in South Africa and hosts a table with all 354 magisterial district codes, as well as the total population distribution and change between the national censuses of 1991 and 2001. A map depicting the natural South African landscape (topography and biomes) provides valuable background information.

Information on the natural landscape is followed by language maps and tables, firstly in summarised terms and then by means of detailed information per language for all eleven official languages. Value is added by the provision of succinct information on the origins of the respective languages, as well as tables summarising the language profiles of the different languages.

Chapter 2 concludes with maps on preponderant language distribution by means of which the number of speakers of the different official languages is compared. While the concentration of each language per spatial unit is presented, it also includes a comparison with similar values for 1991. In this way, useful information on language shifts that have occurred since then is presented.

The third chapter takes the geolinguistics of the Western Cape as point in case so as to supply a sub-regional resolution. The same methodological approaches that have been followed for the national maps are being employed. Therefore, information on the administrative units, the distribution and density of the total population, as well as detailed information on language composition, distribution and linguistic profiles of the three dominant languages of the Western Cape are supplied.

Finally, the fourth chapter focuses on the metropolitan geolinguistics of the metropolitan Cape Town, thus providing an urbanised resolution. Again, information is given on the administrative units, as well as typical geolinguistic information on the dominant languages used in Cape Town.

This publication could be regarded a worthy addition to the current range of linguistic atlases in South Africa. Albeit being a scholarly publication that gives evidence of theoretical principles typical of geolinguistics as an academic discipline, the atlas also hinges on clear research in application functions, and supplies useful information that could be applied in the language management environment.

It is envisaged that not only sociolinguists and language planners interested in the academics of geolinguistics would find the atlas useful, but also language managers working in different tiers of government.

Supermarksak vol kleurvolle lewensmomente

Kalmer, Harry. 2006. **Groceries: 56 stories oor huishoudelike produkte.** Pretoria: LAPA Uitgewers. 143 p. ISBN: 0 7993 3639 4.

Resensent: Marlies Taljard
Skool vir Tale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Groceries: 56 stories oor huishoudelike produkte, Harry Kalmer se nuutste pennevrug, gee nuwe betekenis aan skoonmaakmiddels, smeergoed en spys en drank. Die buiteblad, geïllustreer soos ’n supermarkplastieksak, gee niks prys van die kleurvolle lewe wat in die binnebladsye van dié verpakking afspeel nie. Om mee te begin is élke verhaal in volkleur geïllustreer – altesaam 35 bekende kunstenaars het meegewerk. Alleen vir die vreugde van dié kleurvolle afdrukke sou ’n mens die boek kon koop!

Indien die illustrasies egter die rede is waarom jy die boek gekoop het, sal jy gou besef dat jy agter veel meer as prente aanlees. Kalmer se verhale is egte “moment-musicals” oor die lewe in praktyk waarvan die onderwerpe strek so wyd as die Heer se genade. Dit is ’n boek sonder pretensie en met ’n intuïtiewe aanvoeling vir die patos van ’n situasie. Ofskoon alledaagse dinge, gebeure, intriges en ironië deur die meestal baie kort verhale uitgebeeld word, is deernis en respek vir die menslikheid van sy karakters steeds Kalmer se handelsmerk, net soos sy immer vars humoristiese invalshoek wat jou dikwels die kruiskant van ’n harde munt laat sien.

Die teenwoordigheid van die meeste van André Jolles se *Einfache Formen* wat die onderliggende geestesaktiwiteite van ’n gemeenskap verteenwoordig, gee aan hierdie bundel ’n soort argetipiese onderbou. Die verhaal “Ouma Omo” is byvoorbeeld ’n tipiese legende, die soldate-verhale wat met “Amper Vrede” begin, vorm in hulle geheel ’n sage, “Buurt” is ’n tipiese memorabile of merkwaardige gebeurtenis, terwyl die sprokie deur die gruverhaal van die genadige koningin verteenwoordig word. Ook die kasus (gevallestudie), grap en raaisel kom by herhaling voor.

Daar is min kontemporêre én klassieke temas wat nié in die bundel aan bod kom nie. Daar is stories uit vergange se dae, stories van ontheemde Suid-Afrikaners in die buiteland, straatkinders, bedelaars, gemengde huwelike, misdaad, skamper liefdesverhale en van kuier aan die verkeerde kant van die heining. Aangrypend is die bloedskande-verhaal “Attie Brink en sy dogter” en die verhale oor mense, soos “Roberto Roos” en “Lees asseblief saggies”, ’n verhaal oor ’n kind wat sterf. Ook die sestien gestroopte reëls oor Gabriël Swanepoel wat met niks meer as “’n vrou, drie kinders, ’n model-T Ford, twee koffers klere en ses bottels ingemaakte kwepers op sy naam” afskeid neem van die plaas wat Barclays Bank teruggevat het, ontroer vanweë sy egtheid.

Interessant is die reeks verhale oor John Pieterse en sy vriend, Fouché, wat die tydperk tussen die Tweede Wêreldoorlog en die laaste dekades van die twintigste eeu oorspan en wat soos ’n lint tussen die ander verhale in die bundel ingevleg is om telkens weer op te duik – ’n vervolgverhaal in die kleine. Dan is daar ook talle verhale van dood, verlies en afskeid. Hierdie tema is so intiem in die bundel verweef, dat ’n mens dit in ’n sekere sin as die sentrale tema kan beskou.

“Die man op die stoof” is die verhaal waarin die verteller sy pa verskeie kere en op verskillende maniere verloor; wanneer die pa uiteindelik die see inloop en nie weer terugkeer nie, besef hy: “Dit verbaas my glad nie. My pa was nog altyd goed as dit by verdwyn kom.” Verlies is ook die tema van “Die spanspekgroeier” wat op sy sterfbed onthou hoe sy kollega, die Ierse priester, kort na sy aankoms in die onherbergsame land, die woestyn ingeloop het om drie dae later verbrand, ontwater en sterwend deur die polisie onder ’n kokerboom ontdek te word. Dat die Grensoorlog nog nie uit die Afrikanerpsige uitgeskryf is nie, getuig die verhaal “’n Moontlikheid” wat handel oor die verlies van ’n broer “in ’n plek wat nie bestaan het nie”, want “Ek het sy groen skoolatlas met oranje letters en Springbokkop voorop van die rak gehaal. Ek het na Suidwes-Afrika

geblaai en die naam van elke dorp, berg, distrik en rivier in daardie reuse land bestudeer, maar kon die naam 'Operasionele Gebied' nêrens kry nie." Afskeid van 'n vrou en drie dogters is die tema van die verhaal "Die laaste brekfis", terwyl dieselfde tema vanuit die perspektief van 'n jong seun belig word in "Sabie".

Getrou aan die aard van die kortverhaal word talle verhale gekenmerk deur 'n dikwels verrassende en onkonvensionele afloop, soos "As van die liefde", en "Trout fishing in South Africa" met sy sardoniese slot waarin die eggenote daarin slaag om haar man uit die kloue van sy minnares terug te wen deur aan hom Marokkaanse kos vol boontjies, lensies en knoffel voor te sit.

As 'n deurwinterde skrywer met verskeie bekroonde publiksasies op sy kerfstok, stel Kalmer ook dié keer nie teleur nie. Ten spyte van die drukkersduiwel in die gedaante van 'n teksversorger wat myns insiens net té veel klein setfoute laat deurglip, is die lees van hierdie merkwaardige boek 'n ervaring wat 'n mens laat met die ervaring van *déjà-vu*.

Verwronge lewens (Mense sonder greep)

Pienaar, Vincent. 2006. **Kringfluit.** Hatfield: Litera Publikasies. 351 p. ISBN: 0-9584626-6-6.

Resensent: Helene de Kock
Skrywer en vryskutresensent

Hierdie roman speel in die laat tagtigerjare af toe die Suid-Afrikaanse musiekbedryf in die rigting van die luisterliedjie en kabaret begin draai het. Dit was 'n tyd toe die brandende townships gepatrolleer is – 'n ontstigtende, onseker tyd. Hierdie onstigtelikheid en onsekerheid vind neerslag in hierdie roman.

Kringfluit is die verhaal van twee groepe mense wie se eksistensiële angs die tema van die roman uitmaak. Maryna Bester (Buddy) is 'n beeldskone sangeres met 'n mooi stem wat by *gigs* optree, maar kwalik brood het om te eet. Sy sê: "Ek handle nie die corporates te goed nie" (p. 27), want daar is "dirty old men". Sy is self nie onskuldig nie, want in haar soeke na koestering en sekuriteit slaap sy by wie ook al gewillig is. Haar getroue volgeling is Buzz, 'n

koddige, blinde karakter vol wyshede. Die aantreklike danser Dalton, wat te veel drink en selde werk het, is ook gedurig in haar geselskap. Haar inherente weerloosheid word misbruik en uitgebuit deur baie mense, met die uitsondering van Buzz, wat algaande ’n egte vriend blyk te wees.

Daar is die koöperatiewe werkers van Osborne Warehousing Central soos Butch Spannenberg, ’n walglike karakter, en die misterieuse Julius met sy yskoue blik en gladde woorde – ’n man wat ’n illusie van vreedsaamheid en sjarmante aanvalligheid skep. Coen Steenkamp is ’n valerige, onseker, voorstedelike mannetjie met ’n gefrustreerde vrou, Ansie – en hulle het twee kleingoed. Coen raak, teen sy beterwete in, verstrik in Buddy se leefwyse. Hy vind inderdaad dat “sy binnegoed skielik opgevang (is) in hierdie mooi vrou met die pragtige stem wat op ’n kroegstoel sit asof sy dit gereeld doen” (p. 28). Coen is totaal onmagtig om die koers wat sy lewe by die konferensie in die Wildernis ingeslaan het, te verander, en hy voel skuldig daaroor. Hy raak al dieper betrokke by Buddy, Buzz en Dalton wat kwalik hulle greep op die lewe behou – en dan wonder hy verslae waarom hy “die voorbok in die joller-optog is” (p. 91). Daar is ook Joey, ’n onskuldige, impulsiewe meisie wat “so gemaklik” (p. 38) saam met die sluwe Julius voel. Sy word deur Julius en Buddy by hulle bestaan ingetrek en dit kom haar bitter duur te staan.

Dit is nie maklik om met hierdie karakters te identifiseer nie, maar dis ook nie die bedoeling dat die leser noodwendig met hulle moet kan identifiseer nie. Die bedrewe Vincent Pienaar wil hê die leser moet wéét van hierdie mense.

Hierdie klomp karakters sukkel emosioneel en geestelik om ’n greep op die lewe te kry. Die leser word meedoënloos betrek by hulle dekadente wel en wee in die onseker musiekbedryf. Die karakters se worsteling om sin en bestaan word realisties uitgebeeld, en dit is van meet af aan duidelik dat Pienaar die ruimte waarin hy sy roman geplaas het, goed begryp. Ook die titel, *Kringfluit*, is simbolies van die verwringing en verdraaiing van lewens, net soos wat klank verdraai word as klanktoerusting nie reg gebruik word nie (p. 305).

Die karakterisering is goed. Veral Buddy, as talentvolle dog finansieel sukkelende sangeres, en Coen as gebore sukkelaar, kom helder uit die verf. Die leser ontwikkel ’n soort magtelose deernis vir hulle en hierdie emosies wat dié karakters by die leser wek, toon hulle driedimensionaliteit. Die ander karakters vervul ook ’n funksie,

want die vatterige, Butch, die koelbloedige Julius en die naïewe Joey oortuig.

Die prosaritme is rats en vinnig. Die koorsagtigheid van die vertelritme is suksesvol, omdat dit die eksistensiële angs en emosionele kompleksiteit van die karakters op ’n wrange, tragies-vermaaklike manier oordra. Trouens, donker humor is ’n geïntegreerde aspek van die roman. Dis subtitel is dan ook “die plesierigste tragiese roman”.

Die struktuur is nie geheel en al chronologies nie, aangesien die roman by hoofstuk 22 met ’n begrafnis begin en dan eers oorslaan na hoofstuk 1. Dit is moontlik gedoen om die karakters tot stilstand te dwing; as’t ware onder die soeklig te plaas. Coen wonder byvoorbeeld of hy iets kon gedoen het om hierdie dood te voorkom. Julius praat “asof hy by ’n verkoopskonferensie is” (p. 11) en Dalton wonder of meisies vir hom kyk. Hierdie achronologiese aanbieding versterk die leser se greep op die karakters en dit bied ook ’n voorskou op die uiters menslike aard van die roman.

Die einde van die roman kan wel gekritiseer word, omdat daar gesinspeel word dat Coen, ten spyte van sy diepe berou, tog weer gaan swig en ook dat Ansie (wat nie deelname aan dekadensie ontsnap het nie) weer aan versoeking sal toegee. Dit kan beskou word as ’n openlik gemaneuvreerde skuif wat lei tot ’n ietwat geforseerde oop einde.

Dit is ’n interessante roman wat, alhoewel toeganklik geskryf, moontlik moeilik ’n plek in die kommersiële mark sal vind.

Braam de Vries word 70

Van Zyl, Wium, samest. 2007. **Elke slot 'n weerbegin.** Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland. 326 p. Prys: R135,00. ISBN: 978-0-620-37811-6.

Resensent: Heilna du Plooy
Skool vir Tale, Afrikaans & Nederlands,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Dit is 'n goeie gebruik om belangrike datums of geleenthede in 'n gevestigde skrywer se lewe te merk met 'n mooi publikasie. Sulke boeke bevat inligting wat nie op ander plekke beskikbaar is nie en bring ook uiteenlopende aspekte van 'n skrywer se lewe en werk bymekaar.

Abraham H. de Vries het oor baie jare 'n huishoudelike naam geword in die Afrikaanse literêre wêreld. Hy is nie net 'n buitengewoon begaafde kortverhaalskrywer nie, maar is ook die samesteller van die gesaghebbende kortverhaalbundel, *Die Afrikaanse kortverhaalboek* wat oor die jare in verskeie gedaantes en uitgawes verskyn het. Uit hierdie bundel kan die ontwikkeling van die Afrikaanse kortverhaalkuns tematies sowel as tegnies afgelees word en studente in Afrikaans sny steeds hierop hulle letterkundige tande. Verder is Braam de Vries ook deel van daardie buitengewoon belangrike skrywersgroep in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis, die Sestigers, 'n groep waarvan die invloed en nawerking nooit onderskat mag word nie en waarvan almal wat nog leef, ook nog skryf: dink maar aan André P. Brink, Breyten Breytenbach, Dolf van Niekerk en Hennie Aucamp.

Nou het Abraham H. de Vries 70 geword en sy vriende en kollegas het 'n boek gemaak om hom te huldig en die geleentheid te vier. Dit is 'n interessante versameling stukke wat Wium van Zyl, die samesteller, byeengebring het in die publikasie. Daar is bydraes van skrywersvriende met gedigte van Daniel Hugo, Lucas Malan en M.M. Walters en 'n verhaal van Hennie Aucamp. Dit is opvallend hoe die kontemporêre Suid-Afrikaanse problematiek saampraat in die bydraes wat eintlik gesprekke is met 'n skrywersvriend: sake soos die posisie van Afrikaans en die subtiele spanning in die samelewing, daardie spanning waaroor De Vries self so meesterlik skryf in die verhale in die bundel *Tot verhaal kom* (2003).

Daar is verder kort essays met herinnerings en indrukke van De Vries se persoon en werk in die bydraes van Elsa Joubert, Koos Human en Willem de Vries (die skrywer se seun). Van Wium van Zyl is die *commendatio* wat gelewer is tydens die toekenning van ereburgerskap van Ladismith aan De Vries, ingesluit. Uit hierdie stukke kry ’n leser ’n goeie beeld van die wye waardering wat De Vries geniet en ook van die persoonlikheid agter die boeke en verhale en dit is hierdie soort inligting wat nie altyd geredelik beskikbaar kom in akademiese studies en in selfs die mees voortreflike analises van ’n skrywer se werk nie. Hoe anders sal ’n mens weet en onthou dat dit De Vries was wat beding het en uiteindelik gesorg het vir die deurbraak wat gelei het tot ’n beter vergoedingstelsel vir bydraende skrywers tot versamelbundels en bloemlesings? Waar anders kan vertel word wat in die brief gestaan het wat De Vries namens die Skrywersgilde aan die Staatspresident geskryf het in Januarie 1987 om te protesteer teen perssensuur en ook wat in P.W. Botha se antwoord gestaan het?

Daarna volg daar ’n aantal artikels oor Abraham H. de Vries se verhale. Hierdie bydraes is geskryf deur medeskrywers en Suid-Afrikaanse akademici soos André P. Brink, Willie Burger, J.C. Kannemeyer, Steward van Wyk, Dorothea van Zyl en Hennie Aucamp, wie se artikel saamgelees moet word met die pragtige Nederlandse vertaling van die verhaal “Angst” van Anton P. Tjsechof. Daar is ook die bydraes van Wim Bronzwaer en Hans Ester uit Nijmegen. Die bydraes wat afsonderlik genoem moet word, is die van Etienne van Heerden en George Weideman. Van Heerden is ’n kenner van die postmodernisme wat sy proefskrif geskryf het oor die postmodernistiese eienskappe van De Vries se werk (gepubliseer as *Postmodernisme en prosa*, 1997) en hier weer ’n stewige bydrae lewer tot die akademiese bestudering van De Vries se werk. George Weideman skryf oor die “clowneske” in De Vries se kortverhale in ’n artikel wat seker die deeglikste en mees uitgebreide studie van hierdie belangrike aspek van Braam de Vries se kortverhaaloeuvre is.

Die bundel word afgesluit met ’n uitgebreide bibliografie van Abraham H. de Vries se publikasies, saamgestel deur Erika Terblanche van NALN. Hierdie publikasielys vul 27 bladsye en wys waarom Braam de Vries ’n skrywer is – hy het inderdaad geskryf en bly skryf aan verhale, resensies, artikels, rubrieke, essays en briewe.

Samevattende het ’n mens hier ’n leesbare en nuttige boek waarin belangrike aspekte van Braam de Vries se skrywersrol en sy kort-

verhaaloeuvre op ’n interessante en boeiende wyse aangebied word.

Tydskrif vir Nederlandse en Suid-Afrikaanse studies: stem uit die vreemde

Koch, Jerzy, *red*. 2006. **Werkwinkel. *Tydskrif vir Nederlandse en Suid-Afrikaanse studies*, 1(1)2006.** Posnań: Adam Mickiewicz Universiteit. Prys: €5,00. ISBN: 1-86919-052-7.

Resensent: Marlies Taljard
Skool vir Tale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Te midde van ’n storm oor die voortbestaan van Afrikaans wat maar net nie wil gaan lê nie, is die verskyning van ’n nuwe vaktydskrif wat fokus op Afrikaans en Nederlands soos ’n reënvlaag in die somerdroogte. Wat veral verblydend is, is dat die inisiatief vanuit die buiteland kom, naamlik van die Departement Nederlandse en Afrikaanse Taal, Letterkunde en Kultuur aan die Adam Mickiewicz-Universiteit in Pole. In die voorwoord skryf die redakteur, Jerzy Koch:

> Die koers van ons didaktiese en wetenskaplike werk word hoofsaaklik bepaal deur Nederlands en Afrikaans, maar dan wel binne ’n Engelse konteks. Op hierdie manier wil ons verskillende ruimtes met diverse lokale tale saambring deur die universele medium van Engels en deur ’n universeel wetenskaplike benadering.

Die redaksionele besluit om binne ’n Engelse konteks te werk, hang saam met die feit dat hulle binne die oorkoepelende Instituut vir Engelse Filologie werk, waarvan die Departement Nederlandse en Afrikaanse Taal, Letterkunde en Kultuur deel is. Dit lyk, as ’n mens aan die eerste uitgawe kan oordeel, asof daar ’n redelike balans gehandhaaf word betreffende die verskillende tale waarin gepubliseer word. Van die veertien artikels wat in dié uitgawe verskyn, is vyf in Afrikaans, vyf in Nederlands en vier in Engels. ’n Mens kan wel hoop dat die taalbalans gehandhaaf sal kan word, veral omdat

die gebruik van Afrikaans in akademiese tekste die afgelope jare ’n drastiese afname getoon het.

Die redaksionele beleid verteenwoordig die breë raamwerk van vergelykende en interdissiplinêre werk en metodologiese benaderings wat moontlik is binne die verskillende vakdissiplines en spesialiteitsgebiede binne die Skool vir Engels aan die Adam Mickiewicz-Universiteit, naamlik taal, letterkunde en kultuur. Soos die redakteur in sy voorwoord opmerk, laat die samestelling van die eerste uitgawe van *Werkwinkel* inderdaad aan ’n potpouri dink, met artikels oor die spektrum van die literêre teorie, die elektroniese media en sosio-politieke kwessies tot identiteitskonstruksie, korpuslinguistiek, sosiolinguistiek en die bedreiging van minderheidstale.

Die nooiensuitgawe van *Werkwinkel* spog met artikels uit die penne van verskeie swaargewigte in akademiese kringe soos H.P. van Coller, J.C. Kannemeyer, Abraham H. de Vries, Jacques van der Elst, Jerzy Koch, Christine van Baalen en ander.

Die inleidende artikel deur Jerzy Koch, “Herman Benno Marx (1827-1917) – auteur van *Benigna van Groenekloof of Mamre* (1873)” bespreek die moontlikheid dat die teks *Benigna van Groenekloof of Mamre* (1873) inderdaad die oudste Afrikaanse teks is. J.C. Kannemeyer toon die ingrypende verskille in woordgebruik tussen die twee digters N.P. van Wyk Louw en D.J. Opperman aan in sy artikel “N.P. van Wyk Louw, D.J. Opperman and the Afrikaans literary tradition”. In Abraham H. de Vries se bydrae, “Wrede prag en angs” word “die kombinasie van prag en angs” wat beskrywings van die Kaap die Goeie Hoop die afgelope aantal eeue kenmerk, in sy bekende, fris vertelstyl aangebied.

Artikels waarin literêr-teoretiese kwessies aan bod kom, is Phil van Schalkwyk se “Die onbenul van negentig” waarin hy die invloed van die *Zeitgeist* op Nederlandse prosawerke gedurende die 1990s bespreek, Pawel Zajas se stimulerende lesing van Bas Vlugt se *De ijssalon van dokter Harry* en H.P. van Coller se fokus op aspekte van die magiese realisme in Afrikaanse romans as ’n vertelstrategie om die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse ruimte te representeer. Ewa Dyarowicz verken die identiteitsvormingsproses van die etnies gekleurde ek-figuur in die outobiografiese roman *Portretten en een oude droom* van Kader Abdolah.

Sosio-kulturele kwessies word aangesny deur André Wessels en Anna-Karin Evaldsson se artikel oor die impak van politieke kaping van Anglo-Boereoorlogherdenkings op die Afrikaanse gemeenskap

en deur Jacques van der Elst se artikel oor die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se betrokkenheid by kwessies rakende die bevordering van Afrikaans. Elektroniese publikasiemoontlikhede en die rol van die internet op die verskyning van Gay-literatuur, word deur Neil Cochrane ondersoek in ’n artikel “Uit die kuberruim: enkele waardetoevoegings en uitdagings ten opsigte van *Gay@Litnet* binne Suid-Afrikaanse konteks”.

Die taalkunde word verteenwoordig deur bydraes soos dié van Christine van Baalen in die korpuslinguistiek waarin sy, na aanleiding van ’n korpusontleding van gesproke Nederlands, die komplimente bespreek wat saam met die woord *hoeven* kan voorkom en die artikel van Camiel Hamans waarin die sosiolinguistieke problematiek van minderheidstale bespreek word.

Met bekwame akademici op sowel die redaksie as op die raadgewende paneel (Jerzy Koch en Pawel Zajas as redakteur en adjunkredakteur; H.P. van Coller, C.J. Conradie, Ernst Kotzé, G.J. Dorleijn van Groningen en Bert Paasman en T.L. Vaessens, albei van Amsterdam, as die raadgewende paneel), kan ’n mens beslis uitsien na ’n vaktydskrif van hoë gehalte.

Graag wens ons *Werkwinkel* en sy redaksie toe: *Bon Voyage* ... mag u van krag tot krag gaan en u skoene vol staan in die geledere van vaktydskrifte in en oor Afrikaans!